

INLIGTINGSBLADSY VIR DIE SCIMATHUS UNIVERSITEITSVOORBEREIDINGSPROGRAM in 2025
Stellenbosch Universiteit

Dankie vir jou belangstelling in die jaarlange SciMathUS Universiteitsvoorbereidingsprogram. Voordat jy die aansoekvorm invul, maak asseblief seker dat jy aan al die toelatingsvereistes voldoen.

SciMathUS is 'n keuringsprogram.

Die toelatingsvereistes om vir die program oorweeg te word is:

- Aansoekers moet in 2024 in Graad 12 wees of in 2023 matriek geslaag het. **Diegene wat voor 2023 gematrikuleer het, sal nie vir die program oorweeg word nie.**
- Jy moet ten minste vier vakke uit die lys van aangewese universiteitstoelatingsvakke geslaag het;
- 'n Graad 12 gemiddeld van ten minste 60% behaal het; (**Lewensoriëntering uitgesluit**); en
- Ten minste 50% in Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) behaal het.
- Vir toelating moet jy ten minste 45% in Wiskunde en ten minste 45% in Fisiese Wetenskappe behaal het. **GEEN STUDENTE MET WISKUNDIGE GELETTERDHEID SAL AANVAAR WORD NIE.**
- Jy moet verder bewys lewer dat jy uit 'n opvoedkundig-benadeelde omgewing afkomstig is (hetsy finansieël, deur jou skool en/of huislike omstandighede).

Wat bied SciMathUS?

SciMathUS bied aan studente wat bereid is om hard te werk, die moontlikheid om hul Graad 12-punte in sekere vakke te verbeter. Met die verbeterde punte mag jy weer aansoek doen vir toelating by die Universiteit van Stellenbosch of enige ander hoër onderwysinstansie. SciMathUS kan egter geen waarborg bied dat jy wel aanvaar sal word nie.

Studente moet in SciMathUS Wiskunde en Fisiese Wetenskappe neem. Studente neem ook addisionele vakke soos Rekenaarvaardigheid en Akademiese Geletterdheid.

Studente herskryf die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Fisiese Wetenskappe en Wiskunde.

Klasse word in Engels en Afrikaans aangebied, afhangende van die aantal studente in elke klas. Dit sal hoofsaaklik in Engels wees as die groep oorwegend Engelssprekend is.

Befondsing van die program?

SciMathUS word oorwegend deur die privaatsektor befonds. Suksesvolle studente sal gevra word om 'n toelatingsfooi tot die programkoste vir 2025 te maak. **Let asseblief daarop dat dit 'n bydrae is en dat die ware programkoste heelwat meer as hierdie bedrag is.**

Die SciMathUS program bied akkomodasie vir 90 van die 100 studente. Prioriteit word aan studente van ander provinsies of aan studente afkomstig van areas waar dit moeilik is om elke dag van die huis na die kampus en terug te reis, gegee.

Aansoeke vir 2025:

Ons versoek en verkies dat jy aanlyn aansoek doen. Die webadres na die aanlyn aansoekvorm is:

http://www.suncep.sun.ac.za/UPP/SciMathUS/scimathus_Applications.html

Harde kopie en aanlyn aansoeke open **2 Desember 2024**. Alle aansoeke sluit op **31 Januarie 2025** om 16h00.

Die finale keuring vind eers na die sluitingsdatum plaas sodra alle aansoekers se finale NSS-punte beskikbaar is en ingedien is.

Suksesvolle kandidate sal die week van **3 Februarie 2025** ingelig word van hul keuring en plasing in die program.

Die besluit van die keuringskomitee is finaal. Die openingsgeleentheid vind plaas op 10 Februarie 2025 en klasse begin op 12 Februarie 2025.

Ondersteunende dokumente

Jy moet heelwat dokumente saam met jou aansoek indien. Dit word op die vorm aangedui.

Jou aansoek en ondersteunende dokumente kan op een van die volgende maniere ingedien word:

- **Gepos word** na Die Bestuurder van SciMathUS, Privaatsak X1, Opvoedkunde-gebou, Kamer 3043, Matieland, 7602
- **Per e-pos gestuur word na:** bridging@sun.ac.za

Slegs volledige aansoeke met die volledige stel gesertifiseerde/gewaarmerkte afskrifte van die volgende dokumente sal oorweeg word:

1. gesertifiseerde afskrifte van jou identiteitsdokumente/ geboortesertifikate as bewys van SA burgerskap;
2. gesertifiseerde afskrifte van **slegs salarisstrookies/ betaalstrookies** van die finansiële posisie van die ouer(s)/voog(de).
3. gesertifiseerde afskrifte van jou NSS uitslae van 2023 en/of 2024 waar van toepassing.

Die volgende stawende dokumentasie wat jou gesin se finansiële situasie verduidelik, word verlang. Heg slegs die dokumente wat op jou situasie van toepassing is, aan. **Skryf asseblief die aansoeker se naam en van bo aan die bladsye van alle bladsye.** Ons ontvang letterlik honderde dokumente.

1. Jongste salaristrokie van ouer(s)/voog(de) (nie ouer as 3 maande nie).
2. Bewys van pensioeninkomste (strokie/ bankstaat (nie ouer as 3 maande nie).
3. Beëdigde verklaring ten opsigte van 'n volwasse familielid wat finansiël afhanklik is van die gesin
4. Indien werkloos, 'n beëdigde verklaring t.o.v. oorlewingsinkomste, ook indien die moeder 'n huisvrou is.
5. Beëdigde verklaring ten opsigte van inkomste verkry uit tydelike/deeltydse werk.
6. Beëdigde verklaring ten opsigte van onderhoud (geskeide - of enkelouers).
7. Beëdigde verklaring ten opsigte van informele inkomste (huiskafee, stalletjie, ens.).
8. By voogdyskap, 'n gesertifiseerde afskrif van doodsertifikaat van ouer(s).
9. In geval van egskedding, 'n afskrif van die egskeddingsbevel.
10. In geval van boerdery, eie onderneming of BK, die jongste geouditeerde finansiële state daarvan.
11. Afskrif van die belastingaanslag (IB 34) wat die jaarlikse inkomste aandui.
12. Beëdigde verklaring van enige derde party wat die aansoeker sal befonds.

Die Universiteit behou die reg voor om hierdie aansoek te kanselleer indien valse of onjuiste inligting verstrekkend word.

JOU AANSOEK SAL OORWEEG WORD INDIEN DIT NIE VOLLEDIG INGEVUL IS EN DIE NODIGE DOKUMENTASIE NIE AANGEHEG IS NIE.